Aankondiging / Announcement

# DIE SENTRUM VIR HERMENEUTIEK OP STELLENBOSCH


**Abstract**

A Centre for Hermeneutics has recently been established at the Department of Biblical Studies at the University of Stellenbosch. This article briefly discusses the threefold aim of research, community service and training. A special interest is the interpretation of the Christian tradition in a polarized society like South Africa, the hermeneutical problems and the challenges arising from such a situation. More details concerning the activities of the Centre are obtainable from the Department of Biblical Studies, University of Stellenbosch, Stellenbosch 7600.


'n Sentrum vir Hermeneutiek is pas aan die Universiteit van Stellenbosch ingestel, en het op 1 Julie 1987 met sy werksaamhede begin. Hierdie Sentrum, wat as 'n navorsing- en dienssentrum binne die departement Bybelkunde sal funksioneer, vervul in 'n langgevoelde behoefte.

Hermeneutiek, of te wel uitlegkunde, is veral gerig op die interpretasie van geskrewe tekste. In 'n meer omvattende sin is die dissipline geïnteresseerd in die teorie en praktyk van menslike verstaansprosesse. Daarby word nie alleen die verloop van die verstaanproses as deel van die menslike kommunikasie ondersoek

nie, maar ook die voorwaardes vir die geslaagde verloop van die verstaansproses.

In sy klassieke vorm vind die hermeneutiek sy oorsprong in die filosofiese besinning oor epistomologiese grondvrae en meer spesifiek oor die verstaansproses. Omdat verstaan en interpretasie so basies aan alle vertakkinge van die wetenskap is, het hermeneutiese besinning onvermydelik ook na ander vakgebiede uitgebrei.

'n Terrein waar hermeneutiek 'n sleutelrol vervul, is die teologie. Ten einde die uitleg van Bybelse tekste te begelei, en die verstaan van teologiese vraagstukke te dien, het hier 'n gespesialiseerde teologiese hermeneutiek ontwikkel wat toenemend van belang geword het in die verstaan van die Bybel vandag.

Hermeneutiek is egter ook van groot belang vir die uitleg van wette (regshermeneutiek), die interpretasie en vertolking van musiek, letterkunde, beeldende kunste, die teater en feitlik alle vertakkinge van die wetenskap. Die opbloei in wetenskaps-filosofiese belangstelling in die jongste tyd onderstreep die sleutelrol wat hermeneutiese besinning te speel het.

Binne die Suid-Afrikaanse konteks is die verstaansproblematiek nie slegs 'n akademiese aktiwiteit nie - dit het 'n belangrike pragmatiese dimensie wat van deurslaggewende belang is vir die veranderingsprosesse wat hul tans in ons samelewing voltrek.

Daar bestaan dus 'n groot behoefte sowel op teoretiese as praktiese vlak aan 'n deurlopende bestudering van hierdie probleemveld. Vanweë die omvattende aard van hermeneutiese verskynsels, kan so 'n ondersoek na regte slegs binne 'n interdissiplinêre opset ondersoek word. Die departement was en is by verskillende interdissiplinêre projekte betrokke, en dit sal 'n spesifieke doelstelling van die Sentrum wees om waar enigsins moontlik 'n interdissiplinêre benadering te volg.

Die funksies van die Sentrum is drieërlei van aard, naamlik navorsing, dienslewering en opleiding.

Navorsing sal van sowel 'n basiese as toegepaste aard wees. Afgesien van 'universele' hermeneutiese probleme - wat in internasionale verband op die voorgrond staan - bied die Suid-Afrikaanse konteks 'n besonder ryk ondersoekgebied. 'n Terrein waarop die Sentrum hom veral sal toelê, is die wyse waarop waardestelsels geïnterpreteer en in samelewingstrukture hul neerslag vind. Die verband tussen die aanvaarde waardes van die Christelike tradisie en nuwe insigte in en vertolkings van hierdie tradisie binne die Afrika-opset stel die teoloog van vandag voor besondere uitdagings. 'n Groot deel van hierdie problematiek hang saam met onopgeloste hermeneutiese vrae wat dringend die aandag van navorsers verg.

Dienslewering sal op kontrakbasis of op versoek geskied. 'n Aansienlike hoeveelheid materiaal en inligting is reeds versamel, wat in die vorm van 'n dokumentasiesentrum gesistematiseer en uitgebou sal word, en aan medewerkers en lede van die Sentrum beskikbaar gestel sal word. Die departement het onder meer toegang verkry tot Latyns-Amerikaanse materiaal wat nie geredelik beskikbaar is nie. Die belang van teologiese ontwikkelinge in hierdie wêrelddeel vir wat tans in Suid-Afrikaanse verband gebeur, is voor die hand liggend. 'n Spesiale projek oor Latyns-Amerikaanse teologie is eén van die eerste take wat deur die Sentrum onderneem sal word. Verder word gewerk aan ander vorme van dienslewering, onder meer aan die ontwerp van 'n teologiese opleidingsprogram vir werkers en predikante wat hulle vir nywerheidsbediening in 'n stedelike omgewing voorberei.

Derdens beoog die Sentrum om opleidings- en navorsingsgeleenthede vir nagraadse studente te skep. Die materiaal wat tot dusver byeengebring is, bied reeds heelwat navorsingstof vir M- of D-projekte. Verder bestaan daar veral behoefte aan 'n gespesialiseerde en omvattende opleiding vir persone wat op hierdie gebied wil werk. Dit behels nie alleen die teoretiese en tegniese aspekte van die verstaansproses nie, maar

ook die besondere eise wat die vertolking van die evangelie in 'n gepolariseerde opset soos ons tans belewe, aan die uitlegger en die pastor stel

Die Sentrum staan onder beheer van 'n beheerkomitee waarin verteenwoordigers van sowel die Fakulteite van Teologie en Lettere en Wysbegeerte dien. Vir elke afsonderlike projek word 'n projekkomitee van kundiges aangewys, en daar sal op aansienlike skaal van deskundigheid buite die Sentrum self gebruik gemaak word. 'n Brosjure oor die Sentrum sal eersdaags verskyn, en belangstellendes kan nadere besonderhede bekom van die Sentrum vir Hermeneutiek, Departement Bybelkunde, Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch 7600.

B.C.Lategan.